Klub Grondwet

1. GRONDSLAG VAN DIE SPORT-/KULTUURKLUB

Die Sport-/Kultuurklub word gefundeer en bedryf in terme van die volgende Grondwetlike en samelopende bepalings naamlik;

1.1 Artikel 31 (1) – Die Kulturele-, Godsdienstige- en Taalregte van die Afrikaner as ‘n Etnies, Taal, Kultuur en Godsdienstige Minderheidsgroep in die RSA.

1.2 Artikel 235 - Die reg op selfbeskikking ten opsigte van Taal, Kulturele en Godsdienstige Regte van Minderheidsgroepe binne die huidige opset van die RSA.

1.3 Artikel 39 (1) b.,(2) en (3) soos vergestalt in ondermeer;

a. Die bepalings van Artikel 27 van die Internasionale Konvensie oor die Burgerlike en Politieke Regte ten opsigte van lede wat aan ‘n Etnies/Nasionale, Kulturele,Godsdienstige en/of Taalgebonde Minderheidsgroep behoort.

b. Die voorskrifte soos vervat in die “ Declaration on the Rights of Persons Belonging to National or Ethnic, Religious and Linguistic Minorities as Adopted by General Assembly resolution 47/135 of 18 December 1992.”

c. Die bestaan van ander regte of vryhede wat deur die gemenereg, gewoontereg of wetgewing erken of verleen word in soverre dit bestaanbaar is met die regte en vryhede binne die Handves van Regte.

1.4 Die Sport-/Kultuurklub funksioneer as ‘n geslote klub wat die kulturele- taal-, godsdienstige- en/of sportbehoeftes van die Afrikaners as ‘n Etniese Minderheidsgroep handhaaf, beoefen en uitbou in terme van bogenoemde bepalings.

1.5 Die Sport-/Kultuurklub word bedryf en bestuur binne ‘n struktuur wat voorsiening maak vir die totale sport/kultuurbehoeftes van die gemeenskap wat die junior skoolvlak, senior skoolvlak en volwasse seniorvlak insluit.

1.6 Die Sport-/Kultuurklub funksioneer vir die gemeenskappe van (Beskrywing van die area en/of samestelling van die stigtersgroep met inbegrip van die voedingsareas van die ingeslote laer en hoërskole)

1.7 Die Sport-/Kultuurklub se bestuur sal jaarliks deur die lede uit die gemeenskap verkies word.

1.8 Die Sport-/Kultuurklub is toeganklik vir die beoefening van alle kultuur-/taal-en godsdienserfenis, in samehang met die sporterfenis, vir die jeug en ander

volwassenes van die gemeenskap in samewerking met bestaande kultuur-/taal- en godsdiensorganisasies.

1.9 Die Sport-/Kultuurklub sal bestaan as ‘n regspersoon wat sy eie sport/kultuurfasiliteite bekom, bedryf en bestuur deur aankope, huur en/of enige ander wetlike handelsbevoegdheid en sal kan dagvaar en/of gedagvaar kan word.

1.10.Die Sport-/Kultuurklub word nie in kompetisie en/of ter vervanging van enige ander soortgelyke bestaande sport/kultuurinstellings, hetsy binne of buite die bestaande skolestrukure of andersins, gestig nie, maar as ‘n outonome instelling wat in harmonie en wedersydse respek naas alle ander instellings vir die Boere-Afrikaners voorsiening maak.

2 VISIE

Die visie van die Sport-/Kultuurklub is om:

2.1 Individuele sport-/kultuurkomitees vir die onderskeie sport en/of kultuursoorte as integrale deel van die Sport-/Kultuurklub te organiseer, elk met sy eie komitee en huishoudelike reglement wat as addendum tot hierdie grondwet gevoeg sal word en deel daarvan sal uitmaak.

2.2 Alle sportsoorte, beginnende met Rugby, Netbal, Hokkie, Krieket en Atletiek, sowel as sekere kultuuraktiwiteite binne die gemeenskap te bevorder, te bemark, te ontwikkel en te reguleer tot voordeel van die lede van die gemeenskap en veral die jeug.

2.3 Verdere sport en/of kultuuraktiwiteite, soos die behoefte mag ontstaan, dienooreenkomstig toe te voeg tot die geledere van sport-/kultuursaktiwiteite binne die Sport-/Kultuurklub.

2.4 Deur aktiewe deelname aan sport en kultuur moet die spelers/sters die spel/aktiwiteite geniet en hulle moet ondersteun word om spel/kultuurvaardighede te ontwikkel en af te rond sodat hulle waardige, gerespekteerde en kompeterende deelnemers van die spel/aktiwiteite kan wees.

3. DOEL

Die doelstellings van die Klub is;

3.1 Om, deur die daarstelling van kwaliteit afrigting, te verseker dat spelvaardighede en kennis van die reëls van die spel, sodanig uitgebou word dat spelers met vertroue deel van die spel kan wees.

3.2 Om eenvormigheid ten opsigte van afrigtingsmetodes en tegnieke te skep sodat wedersydse hulp, bystand en oorplasing tussen spanne sonder haakplek kan geskied.

3.3 Om ‘n positiewe omgewing te skep en te onderhou waarbinne die spelers/sters deelname aan die spel kan geniet met die handhawing van dissipline op en van die velde.

3.4 Om finansiële hulpbronne daar te stel en genoegsame fondse, op die kort- en mediumtermyn beskikbaar te stel.

3.5 Om netwerke van ondersteuningsgroepe daar te stel om sodoende positiewe betrokkenheid van die ouers, jeugspelers, volwassespelers en ondersteuners te verseker.

3.6 Om ‘n sport/kultuuridentiteit en - tradisie te skep waarmee die ouers, spelers en ondersteuners van die gemeenskap kan identifiseer en in kan deel en om hiermee ook te poog om oudleerders uit die gemeenskap weer betrokke te kry en te hou.

3.7 Om vir elke sport-/kultuursoort ‘n individuele komitee te stig waarvan elke sport-/kultuursoort sy eie huishoudelike reglement as toegevoegde addendum tot hierdie grondwet sal hê.

4. NAAM

Die naam van die Sport-/Kultuurklub sal amptelik as volg wees;

(naam van klub)

5. SPORTDRAG EN KLEURE

5.1 Elke sport-/kultuurkomitee sal geregtig wees om sy eie sportdrag, onderhewig aan die goedkeuring van die KLUBBESTUUR, te ontwerp maar slegs met die gebruik van die volgende kleure nl;

5.2

5.3

5.4

5.5

6. SPORT-/KULTUURWAPEN/EMBLEEM

6.1 Die Klub sal ‘n eie unieke wapen/embleem vir die Klub in geheel goedkeur, wat deur elke individuele sport/kultuursoort op sy sport/kultuurdrag aangebring sal word.

6.2 Elke Klub sal voorsiening maak dat die Algemene Tabok Sportwapen op alle uitrusting, dokumente en ander toerusting vertoon word saam met die klub se eie embleem.

6.3 Omskrywing van die Klubwapen/embleem is as volg ;

-

-

-

7. PRIORITEITE EN BELANGE

Die basis waarvandaan prioriteite en besluite van dag tot dag geneem sal word, is dat gelyke bevoordeling aan alle betrokke spelers en groepe spelers moet toekom.

Die volgende reëls sal altyd geld ten einde die hoogste prioriteite te bepaal;

7.1 Die kind se belang is groter as die van die ouer.

7.2 Die span se belang is groter as die van die individu.

7.3 Die ouderdomsgroep se belang is groter as die van die span.

7.4 Die senior span se belang is groter as die van die junior span.

7.5 Sport/kultuur se belang is groter as die van enige individuele span of ouderdomsgroep.

7.6 Die gemeenskap se belang is groter as die van enkele groepe of individue.

7.7 Die Klub se belang is groter as die van individuele komitees.

8. SAMESTELLING EN STRUKTURE VAN BESTURE

Die Klub se bestuur sal bestaan uit vyf verkose lede plus een lid deur elke sport-/kultuurkomitee aangewys, waarvan al die poste as volg saamgestel word:

8.1 Voorsitter

8.2 Ondervoorsitter

8.3 Sekretaris/resse

8.4 Tesourier

8.5 Organiseerder

8.6 Een aangewese lede deur elke sport-/kultuurkomitee, uit eie geledere aangewys

Die individuele sport-/kultuurkomitees se besture sal bestaan uit;

8.7 Voorsitter

8.8 Ondervoorsitter

8.9 Sekretaris/Tesourier

8.10 Een lid uit die gemeenskap

8.11 Hoofsport-/kultuurafrigter vir daardie sport-/kultuuraktiwiteit.

8.12 Die volgende reëls sal geld met betrekking tot die kies van hierdie lede;

8.12.1 Slegs die ouers van die kinders ingeskrewe by die skole soos genoem in die grondslag van hierdie Grondwet, en /of volwassenes wat woonagtig is binne die area soos bedoel in die Grondslag van hierdie Grondwet en wie se ledegeld opbetaal is, mag op die besture van die Klub en/of sport-/kultuurkomitees dien.

8.12 2 Verkose lede sal op die Klubbestuur/sport-/kultuurkomitees dien totdat hy/sy bedank, nie herverkies word nie en/of om een of ander rede van sy/haar pos onthef word.

8.12.3 Indien verteenwoordiging onvoldoende is mag die Klubbestuur en/of sport-/kultuurkomiteebesture ‘n lid benoem wat op die spesifieke bestuur mag dien totdat die huidige termyn verstryk.

8.12.4 Alle besture sal jaarliks ’n algemene vergadering hou waartydens sodanige bestuur sal herorganiseer deur die poste opnuut te vul deur nominasie en stemming volgens die grondwet/huishoudelike reglement. Dit sal geskied met dien verstande dat die herorganisasie van die Klub se bestuur eerste sal geskied gedurende die maand van Oktober en die individuele sport-/kultuurkomitees nie later as twee weke nadat die Klub self geherorganiseer is nie.

8.12.5 Op die laaste vergadering, voor die jaar-/herorganisasievergadering, moet elke sport-/kultuurkomitee sy jaarlikse begroting goedkeur met dien verstande dat die individuele komitees se begrotings nie later as die maand Augustus goedgekeur is nie, sodat dit geinkorporeer kan word in die begrotingsvergadering van die Klub gedurende September van elke jaar.

9. FUNKSIES VAN DIE SPORT-/KULTUURBESTURE

Alhoewel die Klub se bestuur verantwoordelik is vir alle aktiwiteite met betrekking tot alle sport-/kultuuraktiwiteite, mag die individuele komitees met hul onderskeie lede, afrigters, spanne ens., eie aktiwiteite en belange reël en bevorder solank dit geskied;

9.1 Binne die bepalings van hierdie Grondwet plus addendums

9.2 Met toestemming van die Klubbestuur

9.3 Nie in botsing is met aktiwiteite van die Klub nie

9.4 Reëlings daarvoor in tyd met die Klubbestuur getref word

L W. Indien daar addisionele koste implikasie aan verbonde is, fondse vir hierdie koste vooraf by die Klub inbetaal of met die Klubbestuur uitgeklaar sal word.

10. WYSIGINGS

Klub;

10.1 Enige wysigings aan die grondwet van die Sport-/Kultuurklub, moet vir goedkeuring aan die jaar-/herorganisasievergadering voorgelê word.

10.2 Sodanige wysigings moet skriftelik aan die bestuur voorgelê word ten minste twee weke voor die dag van die jaar-/herorganisasievergadering, anders moet dit oorstaan tot die volgende soortgelyke vergadering.

10.3 Wysigings moet ten minste met twee/derde meerderheid goedgekeur word anders word dit beskou as verwerp deur die jaar-/herorganisasievergadering.

Sport-/Kultuurkomitees;

10.4 Enige wysigings aan die huishoudelike reglement van enige sport-/kultuurkomitee moet dit vir goedkeuring, eers aan sy eie jaar-/herorganisasievergadering voorlê op dieselfde wyse as vir die Klub.

10.5 Sodanige wysigings moet daarna deur die Klubbestuur goedgekeur word. Teenstrydighede hiertydens moet finaal deur ‘n spesiale Klubvergadering, waarheen alle lede genooi was, behartig word. Sodanige spesiale Klubvergadering se beslissing, per gewone meerderheid, sal finaal/bepalend wees.

11. VERGADERINGS

11.1 Vergaderings van beide die Klubbestuur en Komiteebesture sal van tyd tot tyd, waarvan ten minste vier (4) gedurende die kalenderjaar vir sodanige bestuur, gehou word. Sodanige vergaderings is addisioneel tot die jaarlikse-/herorganisasievergaderings.

11.2 Ten minste twee algemene vergaderings moet deur beide die Klub en Komitees gehou word gedurende die kalenderjaar waarvan een die jaar-/herorganisasievergadering moet wees. Gedurende hierdie vergaderings word lede ten volle ingelig van alle aspekte en verwikkelinge rondom alle gebeurlikhede en aktiwiteite van die Klub/Komitee.

11.3 Kennisgewings van enige bestuurs/algemene vergaderings moet skriftelik geskied ten minste sewe (7) kalenderdae voor sodanige vergaderings. Tesame met hierdie kennisgewing sal lede ook skriftelik volle besonderhede ontvang met betrekking tot enige wesenlike aangeleenthede wat bespreek sal word.

11.4 Enige lid van die Klub en/of Komitees, of enige belanghebbende met betrekking tot die Klub/Komitees, kan versoek dat enige toepaslike aangeleentheid rakende sport/kultuur, die organisasie, bedryf en bestuur daarvan op ‘n vergadering bespreek word, en ook self aangehoor word op sodanige vergadering.

12. STEMMING

12.1 Enige besluite van die Klub/Komitees sal geneem word met ‘n gewone meerderheid, met die uitsondering van besluite om hierdie Grondwet en/of die huishoudelike reglement van ‘n sport/kultuurkomitee, te verander en/of om enige lid

te onthef, in welke gevalle ‘n twee/derde meerderheid nodig is om enige sodanige besluite bindend te maak.

12.2 In gevalle waar ‘n staking van stemme voorkom, sal die dienende voorsitter ‘n beslissende stem hê. Stemming sal normaalweg geskied deur die opsteek van hande. Indien enige lid dit versoek, sal stemming per stembrief geskied.

12.3 ‘n Kworum sal gevorm word deur die aanwesigheid van ten minste 50% (vyftig persent) van lede van die Klub en/of Komitee gedurende algemene vergaderings sowel as gedurende bestuursvergaderings, getel volgens die opbetaalde ledelyste.

13. ONTHEFFING VAN VERKOSE LEDE

Enige lid kan deur die Klub/Komitees van sy pos onthef word indien hy/sy;

13.1 by twee agtereenvolgende vergaderings, na behoorlike kennisgewing, sonder verskoning afwesig is.

13.2 ingebreke bly om sy/haar pligte ten opsigte van hierdie Klub/Komitees na behore uit te voer en/of

13.3 hom/haar aan enige optrede skuldig te maak wat hierdie Klub/Komitees tot oneer strek.

14. BANKREKENINGS

14.1 ‘n Sport/Kultuurfondsrekening word deur die Klub geopen by ‘n erkende bank.

14.2 Ten minste twee bestuurslede moet alle tjeks teken waarvan die tesourier een moet wees.

14.3 Individuele sport-/kultuurkomitees mag eie bankrekenings open met toestemming van die Klub se bestuur (wat nie geredelik geweier mag word nie) en mag die tesourier van die Klub as een van die gemagtigdes teken.

15 BESTUUR VAN FONDSE

15.1 Alle fondse sal volgens die bepalings van die grondwet/huishoudelike reglemente in terme van die jaarlikse begrotings aangewend en bestuur word.

15.2 Alle sport-/kultuurfondse ingesamel, word beheer en bestuur deur die Klub onderhewig aan die advies van elke sport-/kultuurkomitee ten opsigte van fondse self ingesamel en/of fondse aan sodanige Komitee toegewys.

15.3 Die tesourier sal dien as die rekenpligtige amptenaar van die Klub.

15.4 Die sekretaris/tesourier, van die Komitees sal dien as die rekenpligtige amptenaar van sy/haar Komitee.

15.5 Die Klubbestuur is by magte om ‘n persentasie van die fondse ingesamel, aan die werwers van die fondse toe te staan met dien verstande dat elke saak op meriete hanteer word en dat nie meer as 30% van enige fondsbedrag as kommissie afgestaan word nie.

15.6 Die Klub mag, in samewerking en/of aanbeveling van die individuele sport-/kultuurkomitees, salarisse en/of bonusse betaal vir enige dienste gelewer wat direk in verband staan met die werksaamhede van die Klub/Komitees.

15.7 Alle salarisse/bonusse moet deur die algemene vergaderings, op die vlakke van toepassing, goedgekeur word en saamgevoeg word in die jaarlikse begrotings.

16. DISSIPLINÊRE AKSIES

16.1 Die sport-/kultuurkomitees kan aanbevelings maak by die Klubbestuur om dissiplinêr op te tree teenoor lede, afrigters, ondersteuners en spelers wat hulle skuldig maak aan onbetaamlike gedrag.

16.2 Die Klubbestuur kan dissiplinêr optree teenoor enige Klub- en/of Komiteebestuurslede.

17. AFRIGTERS/BESTUURDERS

17.1 Aangesien die sukses van die Klub en dus ook die sport-/kultuurkomitees, direk gemeet word teen die resultate wat op die sportveld/kultuuraksies behaal word, sal die jaarlikse aanstelling van afrigters deur die individuele sport-/kultuurkomitees gedoen word, elk vir die behoefte van sy sport-/kultuursoort en met in agneming van vergoeding gekoppel aan elke aanstelling in terme van die geldige begroting.

17.2 Alle aanstellings van elke sport-/kultuurkomitee se hoofafrigter sal deur die Klub op aanbeveling van sodanige sport/kultuurkomitee gedoen word met in agneming van vergoeding gekoppel aan aanstellings hiervoor begroot in die jaarlikse begroting.

17.3 Die afrigters aangestel is verantwoordelik vir die samestelling van spanne in terme van die beleid van die individuele sport/kultuurkomitees.

17.4 In samewerking met die afrigters moet elke sport-/kultuurkomitee ‘n bestuurder vanuit ouer/volwasse geledere aanstel vir elke span. Sodanige bestuurder is verantwoordelik direk aan die sport/kultuurkomitee terwyl die afrigter verantwoordelik is direk aan die hoofafrigter van die sport-/kultuurkomitee.

18. DAGBESTURE

Samestelling;

18.1 Klub

Voorsitter

Ondervoorsitter

Tesourier/Sekretaris

Een lid gekies uit die res van die verteenwoordigers op Sport-/kultuurklubbestuur

18.2 Sport-/Kultuurkomitees

Voorsitter

Ondervoorsitter

Tesourier/Sekretaris

18.3 Funksies;

Neem besluite om die gladde verloop van sport-/kultuursake te verseker.

Stel agenda op vir Komitee- en algemene vergaderings.

Lewer verslag oor alle sport-/kultuuraktiwiteite.

Lewer verslag oor inkomste en uitgawe.

Hanteer gedeligeerde en/of ad-hoc interne sake van dringende belang.

19. DEURSIGTIGHEID

19.1 Hierdie Klub-/Komiteebesture sal ten alle tye openlik en deursigtig optree en sal, waar prakties uitvoerbaar, soveel inligting regverdigbaar aan lede en alle ander betrokkenes deurgee.

19.2 Enige ouer en/of lid van hierdie Klub/Komitees sal geregtig wees om te enige tyd insae te verkry in notules van vergaderings gehou.

19.3 Enige ouer, belanghebbende en/of lid van hierdie Klub/Komitees sal ook geregtig wees om aangehoor te word op ‘n vergadering van die Klub/Komitees ten opsigte van enige aangeleentheid wat wesenlik mag wees tot enige aktiwiteite van die Klub/Komitees.

20. KLUBGELDE

20.1 Lidmaatskap;

a. Alle lede van die Klub/Komitees wie amptelik aan die Klub/Komitees wil behoort, is jaarliks verplig om die volgende lidmaatskapgeld direk aan die Klub te betaal:

- Ouers/Volwassenes R00.00

- Kinders O/19 R00.00

Die Klub moet rekord hou van sodanige betalings en ‘n volledige naamlys hou van alle opbetaalde lede wie alleenlik stemreg op enige vergadering sal hê en wie as verkose lede mag dien op beide die Klubbestuur/Komiteebesture.

b. Alle sport-/ kultuurkomitees mag in oorleg met die Klub, sy eie jaargelde hef vir lede wie aan die besondere komitee se bedrywighede wil en mag deelneem.

20.2 Die individuele sport-/kultuurkomitees moet elk sy eie rekord hou van opbetaalde lede, waarvan die gelde ge-in deur die besondere Komitee aangewend mag word binne sy jaarlikse begroting. Hierdie gelde sal te alle tye by die tesourier van die Klub inbetaal word teen sodanige komitee se portefeulje, behalwe in die gevalle waar sodanige sport-/kultuurkomitee sy eie bankrekening bedryf.

21. NOTULES

Alle besluite geneem op enige vergadering van die Klub/Komitees sal ten alle tye;

21.1 genotuleer word

21.2 as bevestiging deur die dienende Voorsitter onderteken word

21.3 aan alle lede van die Klub/Komitees verskaf word.

21.4 in permanente vorm bewaar word.

GETEKEN TE ..... OP DIE..... DAG VAN .....20_____

.....
VOORSITTER

.....
ONDERVOORSITTER

.....
SEKRETARIS (ESSE)